PUBLISHED IN PARTNERSHIP WITH

# Challenge™

DIE GOEIE NUUS KOERANT

Uitgawe 131

za.challenge.news

# EK IS 'N NUWE MENS

Jong Esther Chibuye het so 'n slegte humeur gehad dat haar gesig vertrek het wanneer sy woedend was.

"Ek het nie net kwaad geword nie, maar ek het ook ander mense geblameer vir enige iets wat verkeerd gegaan het," vertel sy aan Challenge News. "Dit was nooit my skuld nie."

Maar die dag het uiteindelik aangebreek toe die waarheid agter haar woede ontdek is.

Sy onthou: "Een dag het my ma my gestraf omdat ek ongehoorsaam was. Sy het my gevra waarom ek gedoen het wat ek gedoen het, en die eerste ding wat uit my mond gekom het, was 'dis die duiwel se skuld! Die duiwel het my dit laat doen!'

"My ma het nie daardie antwoord verwag nie. Sy kon nie voortgaan om my te straf nie; die strafsessie het 'n beradingsessie geword!"

Esther se ma en pa was Christene. In haar kinderjare was Esther lief daarvoor om kerk en sondagskool by te woon. "Dis net dat ek nooit geweet het ek het 'n een-tot-een verhouding met Jesus nodig nie."

Haar ma se vinnige denke daardie dag was die keerpunt.

"Daardie beradingsessie het my gehelp om my hele lewe uit te sorteer. Ek het begin om my foute raak te sien en God gevra om my sondes weg te neem." Sy het 'n kwaliteit besluit geneem om haar lewe aan God toe te wy tydens 'n oornagbedsbyeenkoms toe sy 12 was.

> "Ek het nooit gedink ek is goed genoeg nie."

Sy het net daarheen gegaan vir die musiek – "Ek is lief vir musiek en sing" – maar het met die ewige lewe in die hemel daar weggestap.

"Die prediker het gepraat oor die liefde van God en dat Hy ons liefhet net soos ons is. Hy het enige een wat 'n besluit vir Christus wou neem gevra om vorentoe te kom.

"Ek het vorentoe gegaan en daardie nag het ek Jesus ontvang. Omdat ek in die skool geboelie is het ek nooit gedink ek is goed genoeg nie – die Woord het my aangeraak.

"Jesus het my onsekerhede en woede weggeneem en ek het 'n nuwe mens geword."

Esther sê die seer van haar verlede het haar verlaat. Sy het God se vrede ervaar en 'n aanvaarding vir wie sy was. In plaas daarvan om wraak te neem, sê sy dat sy gekies het om volgens die beginsel te leef om ander te behandel soos wat jyself behandel wil word.

Dit was nie altyd 'n maklike pad vir die 26-jarige student nie. Sy het gesondheidsprobleme ondervind en was vir 'n jaar bedlêend.

Sommige mense het dit 'n moeiliker pad gemaak.

"Ek is verraai, beskuldig, op neergesien en geoordeel. Ek is veroordeel deur mense wat baie van my en my broers en susters verwag het.

"Maar ek dank God dat ek in staat was om dit te hanteer en vir Sy hulp om diegene te vergewe wat my seergemaak het."

Gelukkig, sê sy, was daar meer goeie as slegte tye. Die beste van alles, sy ly nie meer aan swak gesondheid nie en glo dat God haar heeltemal genees het.

"God was getrou. Hy het my opgetel en vir my meer gegee as waarvoor ek gevra het."

Esther hou daarvan om haar geloof met ander te deel en het verskeie mense na Christus gelei.

Sy vertel hulle van die vrede en vergifnis wat Hy bied en dat al wat hulle hoef te doen, is om Sy naam aan te roep. Maar sy is ook eerlik oor die prys wat mens betaal vir 'n lewe met Christus.

"Dit sal nie altyd maklik wees nie, maar jy moet uithou, net soos 'n atleet uithou totdat hy die wedloop voltooi en beloon word.

"Jy kan ook uithou, die wedloop voltooi en beloon word. God kan jou lewe transformeer en dit heeltemal ten goede verander as jy Hom toelaat.

"Onthou om nie net oor Jesus te praat nie, maar laat jou lewe getuig dat jy in Hom glo." •



Esther Chibuye het as jongmens gesukkel met gevoelens van uiterste woede.







## Lewensdoel gebore uit tragedie

DEUR MARK ELLIS (VERKORT)

Christo Spies se pa is oorlede toe hy nog baie jonk was. Beide sy ouers het vir 'n goudmynmaatskappy in Suid-Afrika gewerk.

"By die skool het hulle ons mynkinders genoem," vertel hy aan God Reports. "Hulle het meer as een keer vir ons gesê ons sal niks bereik nie. Daar is niks anders wat ons sal doen nie. So ek was oortuig dat ek niks sal bereik nie."

Maar Christo was uitmuntend in een gebied.

"Gelukkig kon ek sport beoefen. Ek kon enige bal slaan."

Na hoërskool het hy in 'n myn begin werk en gespaar om vir homself 'n motorfiets te koop. Twee weke nadat hy die motorfiets gekoop het, was hy en sy broer in 'n ongeluk betrokke. Aanvanklik het Christo gedink hy is nie beseer nie.

"Toe ek egter wou opstaan kon ek nie, want my been het langs my gelê. Hy was heeltemal af."

Dokters het sy been weer aangeheg, maar dit het sepsis gekry waar dit aangeheg is en na ses operasies is Christo meegedeel dat sy been geamputeer sal moet word.

"Toe die dokters my dit vertel, het ek begin vloek en dinge na hulle toe gegooi. Niemand kon in my kamer inkom nie. Toe my ma inkom, het ek net begin huil want die enigste ding wat ek kon doen was sport en nou was dit van my weggeneem, so ek het net gehuil en gehuil."

> "My been het langs my gelê."

Die aand voor die amputasie het 'n geheimsinnige vrou sy kamer binnegekom.

"Sy het gesê sy wil vir my bid en sy gaan bid tot 'n liefdevolle God wat mense uit die dood opgewek het." "God het nie die ongeluk veroorsaak nie," het sy hom vertel.

"Maar Hy sal by jou wees elke tree van die pad." Toe sy haar hand op sy skouer sit en bid, het dit gevoel soos water wat oor hom vloei wat 'n onbeskryflike vrede gebring het.

Later het hy oor die vrou navraag gedoen en niemand het van enige besoekers geweet wat by haar beskrywing pas nie. Nou glo hy sy kon 'n engel gewees het.

As kind het hy saam met sy ma kerk toe gegaan, want sy het geglo dit is die regte ding om te doen.

"Ons was baie arm. Ons het twee stelle netjiese klere gehad wat ons in die openbaar moes dra, en ons moes kerk toe gaan sodat mense nie sou sê Ma (as 'n weduwee) kan nie haar kinders grootmaak nie."

Nadat hy ontslaan is uit die hospitaal is Christo met 'n prostetiese been gepas. "Ek was redelik maer en het gesukkel daarmee," sê hy. Hy het ook begin studeer om 'n rekenmeester te word. Tot sy verbasing het hy een dag 'n uitnodiging ontvang om krieket te speel – as 'n aangewese kolwer – sonder dat dit nodig was vir hom om te hardloop. "Ek het geglo ek kan nie hardloop nie, en ek het volgens daardie geloof geleef."

Maar een dag het iets wonderliks gebeur. In plaas daarvan om die hardloper in sy plek te stuur, het hy besluit hy wou self hardloop. "En ek het! Skielik het ek besef dit was net 'n gedagtesaak. Ek wou baie graag hardloop. Ek het nie 'n nuwe prostese gekry nie — ek kon net hardloop!"

Aangemoedig deur sy deurbraak, het hy geleidelik begin tennis, muurbal en pluimbal speel.



● Blaai na bladsy 2

# DOEL VAN TRAGEDIE

● Vanaf bladsy

'n Vriend nooi hom saam om 'n 997 km fietsrit om geld in te samel vir 'n Christelike saak. Gemotiveer deur die feit dat daar 60 jong ongetroude dames sou wees – saam met die mans op die toer – het hy gretig ingeskryf.

"Die eerste aand het hulle ons in mans en dames gebedsgroepe verdeel, en ek het hierdie pragtige meisie as 'n gebedsmaat gekry. Sy wou bid, en ek het gesê, 'Ek kan nie bid nie.'

"Sy het begin om die Evangelie met my te deel. (Die goeie nuus dat Jesus Christus na die aarde gekom het om vir ons sondes te sterf). Ek het gesien dat al hierdie mense het iets wat ek nie gehad het nie. Ek het hul vreugde gesien. Ek het gesien hoe hulle mekaar behandel. Dit was nie net oor hulleself nie."

Christo was verbaas toe hy een dag op hul toer gesukkel het, moeg was en langs die pad gestop het. Een van die mans het gestop om hom te help en water in sy bottel gegooi. "Ek het gedink, hoekom stop hierdie man? Dit was vir hom vreemd."

"Aan die einde van die toer het ek my lewe aan die Here gewy," sê hy. Christo het sy hart aan Jesus Christus as sy Heer en Verlosser oorgegee en is wedergebore (geestelik hernuwe).

Nadat hy Jesus begin volg het, het hy opgehou vloek en opgehou drink. Vriende het die verandering opgemerk, en daaroor navraag gedoen, wat hom toegelaat het om sy geloof met hulle te deel.

Later het hy 'n aanbod van 'n skool ontvang om 'n rekeningkunde-onderwyser en 'n krieketafrigter te word, terwyl hy terselfdertyd teologie studeer het. Die laaste twee jaar het hy voltyds studeer. Hy het ook sy vrou ontmoet en is getroud.

Na die afloop van sy studies het hy 'n aanbod aanvaar om 'n skoolkapelaan en krieketafrigter te word. "Ek het 'n stelsel ontwikkel, en die basis van die stelsel is hoop. Romeine 15 sê God is die gewer van hoop: 'Mag die God van hoop julle met alle vreugde en vrede vervul terwyl julle in Hom vertrou, sodat julle mag oorloop van hoop deur die krag van die Heilige Gees (Romeine 15:13).'"

Christo bestuur tans 'n sportbediening in Kaapstad genaamd SCAS. "Die grootste geskenk van die lewe is Christus se liefde en die grootste vreugde van die lewe is om dit te deel. Dit is wat ons probeer doen." ●

Hierdie verhaal is oorspronklik gepubliseer deur Godreports.com en dit word met vriendelike toestemming gebruik.



*Christo Spies is 'n gesogte lewensafrigter en hoofspreker wie in Suid-Afrika se top maatskappye en sportmanne werk.*

# Ek was 'n Hindu spioen



*Grishma Parajuli*

Grishma Parajuli het 'n spioen geword toe hy 16 was. Dit is nie iets wat die Nepalese tiener ooit gedink het hy sou doen nie, maar hy het gevoel dat hy dit verskuldig is aan sy godsdiens en sy kultuur om dit te doen.

Grishma is vertel dat personeel en sendelinge by die plaaslike melaatsheidsendingshospitaal, waar hy ongeletterde pasiënte gehelp het om briewe te lees en skryf, doelbewus pasiënte wat nie tot die Christendom bekeer het nie, verwaarloos.

Onbewus daarvan dat daar geen waarheid hierin was nie, het Grishma woedend geword en belowe om sy godsdiens en kultuur teen hierdie vreemde invloed te verdedig. Sy woede was verstaanbaar. Nie alleen is hy in 'n hoë-vlak Hindoe-familie gebore nie, sy pa was ook 'n Hindoe-priester.

"Van hierdie mense het gesê dat sommige van die personeel daar hulle aangemoedig het om hul godsdiens te verander, en om hulself tot Christendom te bekeer," het Grishma aan die Church Missionary Society Summer School in New South Wales vertel.

"As hulle bekeer, is hulle gelukkig en as hulle nie bekeer nie, sou hulle geen behandeling kry nie en geïgnoreer word."

Hy het sy vrese aan 'n regeringsbeampte gerapporteer, wat hom gevra het om name te noem. Toe hy nie kon nie, het die beampte vir hom gesê om die groep dop te hou en die inligting te kry.

So het Grishma by die gemeenskapsgroep aangesluit, vasberade om hulle te ontbloot.

Die lede het die jong spioen hartlik verwelkom en vir hom 'n Nuwe Testament gegee. Hy het probeer om dit te weier, maar iemand het gesê: "Aanvaar dit asseblief. As jy dit lees en glo, sal jy gered word. As jy dit nie glo nie, sal jy kennis daaruit kry, so lees dit asseblief."

Grishma het toegegee. Hy is grootgemaak om te glo dat Christenskap ver van sy geloof en agtergrond af is, en hy het gesê hy het dit met teesin begin lees net om "uit te vind waarom".

Hy het met die boek van Matteus begin en kort daarna het hy die "Bergpredikasie" gelees – en gesê dat hy verward was oor wat Jesus hom geleer het.

Nogtans, toe 'n verpleegster die Evangelie (die goeie nuus dat Jesus Christus na die aarde toe gekom het om vir die sondes van die mensdom te sterf en ewige lewe te bied) met hom gedeel het, het hy vir haar gesê hy voel niks. Sy het geantwoord: "Een ding wat ons vir jou kan doen, broer, is om vir jou te bid. Dit is in God se hande, so ons sal vir jou bid."

Hierop het Grishma verklaar dat hy nooit sou bekeer nie. "As ek moet bekeer, sal ek duidelik sê: 'Jou God is regtig God, maar ek weet, ek is seker ek sal nie bekeer nie. Ek sal sê God is dood.' Ek het haar stil gemaak."

Tog het hy aangehou om die vergaderings by te woon, en die groep het aangehou om vir hom te bid. Uiteindelik was dit hulle dade wat die hardste met hom gepraat het.

"Ek het gesien dat sendelinge en die Christelike Nepalese kerk lede hulle bure met nederige harte dien, hulle omhels, hulle aanraak, en hulle besittings skoonmaak," het hy gesê.

"Dit het my geraak. Die Christelike diens, die opofferinge van die sendelinge, wat hulle familie, hulle land verlaat... na Nepal kom. Waarom?"

Weens sy onvermoë om sulke vriendelikheid en opoffering te verstaan, het Grishma dit toegeskryf aan die liefde van God.

"Die krag van gebed, krag van Christelike diens, die opofferinge van die sendelinge, alles saam het my hart verander. Ek het 'n Christen geword. Ek het die Here Jesus Christus aanvaar." Hy sê dit was 'n wonderlike dag - die seun wat in die hoogste berge van die wêreld gewoon het, het gevoel asof hy in die wolke sweef.

Maar toe het sy probleme begin. Die 18-jarige is uit sy huis gegooi toe sy familie ontdek het dat hy Jesus Christus aanvaar het.

"Hulle het my gedwing om my huis en familie te verlaat. Ek het gesê 'Nee, ek wil nie my familie verlaat nie, maar ek wil ook nie Jesus Christus verlaat nie.'

"Hulle het gesê 'Nee, jy kan nie albei kies nie. Jy moet een kies – huis en familie, of Jesus.' Toe moes ek uiteindelik kies om Jesus te volg."

Die druk om Christenskap te verlaat was groot, maar Grishma het by sy besluit gehou. Hy het by Christen vriende ingetrek, 'n werk gekry en 'n lewenslange reis met God begin.

Vandag, met dekades van bediening agter hom, is hy die senior pastoor van die Nayagaun-kerk in Pokhara, waar hy al meer as 30 jaar saam met sy vrou Laxmi dien.


Hy het gesê die kerk in Nepal groei ten spyte van regeringsbeperkings op evangelisasie - 'n feit wat Grishma toegeskryf het aan "getroue gebed". Sy eie kerk het gegroei van 15 tot 1000 lede. Hulle het ook 12 ander gemeentes geplant. ●

# Coffee Break

## CROSSWORD & SUDOKU

**ACROSS**
1 Letters A to Z
7 Train track
8 Quiz show answers, often
10 Walk in water
11 Carsick feeling
13 Defoliant used in Vietnam war (5,6)
16 Part of a plant
18 Dry; barren
20 Siberian plain
21 Fasten with ties
22 Military or police rank

**DOWN**
2 Old Italian money
3 Possess
4 Accountant (informal) (4,7)
5 Shock, ordeal
6 Bee home
8 Changes slightly
9 Hanging out doing nothing
12 To-do list
14 Desert rovers
15 Geekish sort
17 Future branch
18 Youngest Brontë
19 Wrinkle remover



SOLUTIONS PAGE 7



"Good thing we didn't sell the dog sled."

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 4 | 8 | 5 | | | | |
| | 2 | | 6 | | | 4 | | |
| | | | | 2 | 7 | | 6 | |
| | | | | | 2 | 9 | | |
| | 5 | 8 | | | | 1 | 7 | |
| | | 2 | 1 | | | | | |
| | 9 | | 2 | 3 | | | | |
| | | 7 | | | 8 | | 5 | |
| | | | | 7 | 6 | 8 | | |

# Dwalende seun oortuig deur waarheid

Michael Phiri se ouers was wanhopig oor hul enigste kind. Sy ouers was getrou om hom elke Sondag kerk toe te bring, maar Michael het dit verkies om homself wan te gedra met meisies en het opgehou om te luister na sy ouers.

In plaas daarvan om hom gelukkig te maak, het sy lewenstyl hom egter ellendig gemaak, vertel hy aan Challenge News.

"Kerk het nie vir my sin gemaak nie," verduidelik hy, en voeg by dat die struikelblok vir hom die afgode was wat in daardie kerk aanbid is. "Ek het nie in hulle geglo nie."

'n Besoek aan 'n vriend se kerk in 1979 het alles verander. Michael het pas 20 geword. Daardie dag het die pastoor gepreek oor Johannes 3:16 - "Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie maar die ewige lewe kan hê."

"Dit was die dag wat ek werklik 'n Christen geword het omdat ek oortuig was deur die Woord van God," deel Michael. "Daardie Bybelvers het my Sy liefde gewys. Daardie vers en ook Johannes 1:12, wat sê, 'Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle wat in Sy Naam glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.'"

Toe die pastoor die gemeente vra wie hul lewens aan Jesus Christus wil toewy, het Michael die geleentheid aangegryp. Dit was 43 jaar gelede. Sedertdien het hierdie eens dwalende seun in verskeie rolle in die bediening gedien. Hy was 'n musiekdirekteur en toe die direkteur van evangelisasie in sy kerk in Zambië.

In 2008 het hy die roeping beantwoord om by 'n Bybelskool in te skryf. Op advies van sy pastoor op daardie tydstip het hy 'n nuwe kerk begin, een wat hy tot vandag toe lei.

"Van die tyd dat ek 'n Christen geword het, het my lewe so baie verander en ek het geleer om God in elke situasie te vertrou," sê die 62-jarige.

"Ek het geleer hoe om met God te kommunikeer deur die Skrif en ek het geleer hoe om ander na Christus te lei."

Hy sê die beste ding van 'n Christen is om te weet jy word werklik 'n kind van God. "In elke situasie is jy nie alleen nie; God jou Vader is altyd met jou.

"Jesus Christus lewe en Hy sal weer terugkeer na die aarde. Hemel en hel is 'n werklikheid." ●



*Michael Phiri*

# OP GOD SE WEG KAN JY VERTROU

Dit klink na 'n lieflike, gelukkige middelklaslewe. Die Land Cruiser in die oprit, gelaai met visvang- en kamptoerusting. Oral lê daar modelvliegtuie in verskillende stadiums van voltooiing rond.

"Toe ek grootgeword het, was al drie ons kinders en beide ons ouers in die huis," sê die Suid-Afrikaanse Eveline Laureti. "Mens sou kon sê ons was 'n gelukkige familie."

Maar nie alles was so goed soos wat dit van buite af gelyk het nie. Volgens Eveline was daar alkohol en vriende wat nie 'n goeie invloed op hulle gehad het nie. God was nêrens te vinde nie. Daar was ook pyn en ongemak. Gebore met 'n gebreklike heup, was Eveline byna voortdurend in gipsverbindings om haar bene reg te maak totdat sy ses jaar oud was.

Tragedie het op 10 Julie 1986 getref toe die gesin in 'n motorongeluk betrokke was. Haar pa het aan interne beserings gesterf en haar ma het op 39 'n kwadrupleeg geword. Eveline was erg beseer en kon nie haar pa se begrafnis bywoon nie, aangesien sy steeds in die hospitaal was.

Toe die stof gaan lê het, is die drie broers en susters by hul oom en ouma geplaas, wat hulle almal na 'n koshuis gestuur het.

Depressie het Eveline op 17 getref, nadat haar oupa gesterf het. Later is sy in 'n weeshuis geplaas, wat haar somberheid vererger het en haar na sigarette, alkohol en dagga laat draai het.

Dit was egter tydens hierdie moeilike tyd dat sy 'n verpleegster ontmoet het wat die Bybel vir haar gelees het. Die verpleegster het Filippense 4:4-13 gelees, wat ons aanmoedig om nie angstig te wees nie maar om God in alle situasies te vertrou. Eveline sê vers 13 in die besonder – "Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee" – het haar diep geraak.

"Dit is toe dat ek 'n keuse vir Christus gemaak het," sê sy. In haar finale jaar van hoërskool het Eveline 'n egpaar ontmoet wat sy as haar peetouers beskou het.

"Dit was 'n keerpunt in my lewe. Hulle het my aanvaar net soos God, my hemelse Vader, elkeen van ons aanvaar. Gebroke. Broos. Deur hulle het ek die betekenis van toewyding en opoffering geleer."

Kort nadat sy skool verlaat het, het Eveline na Parys gegaan en daar het sy haar eerste man ontmoet waarmee sy sou trou. Hulle het twee kinders saam gehad, iets wat sy sê 'n absolute wonderwerk is.

"Die dokters het vir my gesê dat ek weens my heupprobleme nie 'n normale geboorte sou kon hê nie, maar my seun is normaal gebore, sonder komplikasies. Ons dogter is in 2002 gebore. Die naelstring was om haar nek, maar ons het gebid en alles het op die ou einde goed verloop." Ongelukkig het Eveline in 2013 haar man verloor, maar al was sy ontsettend hartseer, het sy voortgegaan om God te vertrou.

Sy het gebid: "Tog is U Here, ons Vader. U is die Pottebakker en ons is die klei. Ons is almal die werk van U hand." Uiteindelik het Eveline verlede jaar weer getrou. "God het vir my 'n ander vriend gestuur om my en my kinders lief te hê. Ons dien steeds ander mense en as die Here wil, kan ons hierdie pad vir 'n lang tyd volhou.

"Wanneer God 'n weg maak, kan jy Hom vertrou." •



*Eveline en haar man.*

# Geniet 'n lewe vry van vrees

Soos baie jong mans het Aubrey Maleka grootgeword sonder 'n liefdevolle, sterk vaderfiguur, wat hy sê hom diep geraak het. Sy pa was 'n gewelddadige man en hulle gesin was arm.

Sonder 'n goeie rolmodel het Aubrey skool verlaat in graad 10, begin dwelms gebruik in sy vroeë tienerjare en was in die tronk teen die tyd dat hy 17 was.

Hy was egter bewus daarvan dat wat hy doen verkeerd was. Hy is vertel van God in die plakkerskamp waar hy gewoon het. Hy het geweet dat God hom hel toe sou stuur vir al die verkeerde dinge wat hy gedoen het. "Ek het altyd geweet dat as ek nie verander nie, my lewe in vuur sou eindig," erken hy.

Heroïen (ook bekend as Nyaope) was sy dwelm van keuse.

"Dit was my vesting. Ek het so baie keer probeer om dit te los en skoon te kom," sê hy. "Maar ek het baie keer op my eie misluk.

"Ek het baie dinge in my lewe gesteel. Ek het by huise ingebreek, besighede beroof en soveel mense seergemaak, selfs my familielede," bely hy.

Toe Aubrey 27 was, het hy 'n tronkstraf vir huisbraak en diefstal uitgedien toe hy die sagte stem van God hoor sê: "Is daar enige iets te moeilik vir die Here?"

Aubrey het dadelik besluit dat hy nie in die hel wou eindig nie "by Lucifer, die vader van alle leuenaars en die koning van boosheid" maar "die res van my lewe saam met Jesus Christus wou spandeer." Hy het 'n gebed gebid waarin hy alles aan God gegee het en verklaar "ek was totaal verander en bevry."

"My lewe is totaal verander omdat ek vreugde, vrede en geluk in my siel gevind het. Ek geniet nou 'n lewe vry van vrees. Ek vrees nie die dood of enige iets anders nie.

> **"Ek was totaal verander en bevry."**

"In plaas daarvan om 'n misdadiger te wees, studeer ek vir 'n graad aan 'n Christelike Universiteit en ek word opgelei as 'n pastoor. Ek het ook 'n werk in die mynsektor en ek gaan binnekort trou!"

Wat 'n ommekeer vir 'n jong man wie se lewe so hopeloos gelyk het.

"Baie keer het ek misluk," erken hy, "Maar die Woord van God [die Bybel] het my hoop, moed, lewe, herstel, liefde, vreugde, vergifnis, genesing, bevryding en nog baie meer gegee.

"Ek is so dankbaar," vertel Aubrey aan Challenge News.

"Ek kan getuig dat watter dinge ookal onmoontlik is vir die mens, vir God is alles moontlik.

"Daar is niks te moeilik vir die Here nie. Maak nie saak hoe sleg jy dink jy is nie, maak nie saak hoe ander jou sien nie, God sien 'n ander persoon in jou. God het jou steeds lief en net Hy kan jou lewe verander. Aanvaar Christus Jesus as jou Here en jou persoonlike Verlosser. Jou lewe sal nooit weer dieselfde wees nie!" •



*Aubrey Maleka*

# Waar is God te midde van tragedie?

DEUR MARILYN ADAMSON

**GOD** is die Skepper van die heelal wat verlang dat ons Hom moet ken. Dit is waarom ons almal hier is. Dit is sy wens dat ons op Hom sal staatmaak en Sy krag, liefde, geregtigheid, heiligheid en medelye sal ervaar. So sê Hy vir almal wat bereid is: "Kom na My toe."

Anders as ons, weet God wat môre, volgende week, volgende jaar en in die volgende dekade gaan gebeur. Hy sê: "Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie, wat die einde van die begin af verkondig."[1]

Hy weet wat in jou lewe gaan gebeur en kan daar vir jou wees, as jy gekies het om Hom in jou lewe in te sluit. Hy sê vir ons dat Hy ons "skuilplek en krag, 'n altyd-teenwoordige hulp in tye van moeilikheid" kan wees.[2] Maar ons moet 'n opregte poging aanwend om Hom te soek. Hy sê: "Julle sal My soek en vind, wanneer julle na My vra met julle hele hart."[3]

Dit beteken nie dat diegene wat God ken, moeilike tye sal ontsnap nie. Wanneer oorloë of hewige siektes, lyding en dood veroorsaak, sal diegene wat God ken, ook by daardie lyding betrokke wees.

Maar daar is 'n vrede en 'n krag wat God se teenwoordigheid gee. Die werklikheid vertel ons dat ons probleme in die lewe sal ervaar. Maar as ons deur hulle gaan terwyl ons God ken, kan ons daarop reageer met 'n ander perspektief en met 'n krag wat nie ons eie is nie. Hy is groter as al die probleme wat ons kan tref, en ons is nie alleen gelaat om dit te hanteer nie.

God het die mensdom geskep met die vermoë om te kies. Dit beteken dat ons nie in 'n verhouding met Hom gedwing word nie.

Hy laat ons toe om Hom te verwerp en ander bose dade te pleeg. Hy kon ons forseer om liefdevol te wees. Hy kon ons forseer om goed te wees. Maar dan sou ons robotte wees. In plaas daarvan het Hy ons die menslike waardigheid van vrye wil gegee.

Ons het, deur ons lewens en dade, ons van God verwyder. Die Bybel sê dat "ons almal soos skape verdwaal het, elkeen van ons het na sy eie pad gedraai."[4]

Die gevolge? Ons sonde het ons van God geskei, en dit beïnvloed meer as net hierdie lewe.

Die straf vir ons sonde is die dood, of ewige skeiding van God.

Maar God het 'n manier voorsien vir ons om vergewe te word en Hom te ken.

God het na die aarde gekom om ons te red. "Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gestuur het, dat elkeen wat in Hom glo, nie verlore gaan nie maar die ewige lewe het. Want God het die Seun nie na die wêreld gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word."[5]

Jesus het die veiligheid en sekerheid van sy tuiste verlaat en die harde omgewing waarin ons leef betree.

Jesus het moeg geword, honger en dors geken, beskuldigings van ander beveg en is deur familie en vriende verstoot.

Maar Jesus het veel meer as daaglikse ontberings ervaar. Jesus, die Seun van God in menslike vorm, het gewillig al ons sonde op Hom geneem en ons straf van die dood betaal.

"Hierin is liefde, dat Hy sy lewe vir ons neergelê het."[6] Hy het deur marteling gegaan en 'n stadige, vernederende dood van verstikking aan 'n kruis gesterf, sodat ons vergewe kon word.

Jesus het vir ander vooruit gesê dat Hy gekruisig sou word. Hy het gesê dat Hy drie dae nadat Hy begrawe is, fisies lewendig sou verskyn aan diegene wat sy kruisiging gesien het.

Op daardie derde dag is Jesus se graf leeg gevind en baie mense het getuig dat hulle Hom lewendig gesien het.

Hy bied ons nou die ewige lewe aan. Ons verdien dit nie. Dit is 'n geskenk van God wat aan ons gebied word, wat ons deur geloof ontvang wanneer ons Hom vra om in ons lewens in te kom. As ons onsself van ons sonde afkeer en na God terugkeer, kan ons die geskenk van ewige lewe deur Jesus Christus ontvang.[7] Wat van die hemel? God het 'n beter plek wat Hy aan ons bied. In hierdie wêreld sal God elke traan van mense se oë afvee. Daar sal geen rou, trane, dood of pyn meer wees nie.[8]

Op hierdie oomblik kan jy God vra om in jou lewe in te kom. Jy kan dit deur gebed doen. Gebed beteken om eerlik met God te praat. Op hierdie oomblik kan jy na God roep deur iets soos die volgende in opregtheid vir Hom te sê: "God, ek wil U ken. Ek wil Jesus Christus en sy vergifnis in my lewe ontvang. Ek wil nie meer van U geskei wees nie. Vergewe asseblief my sonde. Wees die God van my lewe van hierdie dag af vorentoe. Dankie God." •



Voetnote: (1) Jesaja 46:9 (2) Psalm 46:1 (3) Jeremia 29:13 (4) Jesaja 53:6 (5) Johannes 3:16-17 (6) 1 Johannes 3:16 (7) Romeine 6:23 (8) Openbaring 21:4

Hierdie artikel is oorspronklik gepubliseer op EveryStudent.com en word met vriendelike vergunning gebruik.

# Geraak deur 'n vrou met bloedvloeiing

Zacharia Tnllam het by 'n groot kruispad in sy lewe gekom. Dit was 1995, en die hoërskool leerling was oud genoeg om te weet dat iets in sy lewe stukkend was, en dat verandering nodig was.

"Daar was spesifieke goed waarmee ek gesukkel het," sê hy. "Verslawing, 'n slegte humeur en leuens. Selfs toe ek in sekere situasies geweet het ek is verkeerd, kon ek dit nie erken nie. In plaas daarvan het ek gekies om te jok."

Hy het geweet dat die besluite wat hy in sy lewe gemaak het gevolge sou hê. Hy het Sondagskool as kind bygewoon. Hy kon reg en verkeerd onderskei. In werklikheid, was hy lief daarvoor om die stories oor God te hoor, maar dit was waar sy toewyding geëindig het.

"Ek het God nie in 'n persoonlike verhouding geken nie," erken hy. "Dit was alles net mooi stories. Ek het nie die dieper waarhede van wat dit beteken om 'n Christen te wees geken nie."

Maar dit het alles verander gedurende Zacharia se hoërskool jare. "Ek het meer van God gehoor, en ek het begin om saam met my ouers kerk by te woon," vertel hy vir Challenge.

Eendag in 1995, het 'n sendingspan na Zacharia se skool gegaan. Een van die predikante op die span het vir die studente oor Jesus vertel, en hoe Hy 'n vrou wat vir 20 jaar aan bloedvloeiing gely het, genees.

(Die verhaal kan in Matteus 9, Markus 5 en Lukas 8 gevind word).

Zacharia was verstom oor die storie, en was geraak deur die deernis en liefde wat Jesus betoon het aan die uitgeworpe vrou. "Ek het geweet Hy is God, en die God van die hele skepping."

Daardie einste dag het Zacharia besef wat hy in sy lewe nodig het, en hy het besluit om 'n Christen te wees: "Ek wou die ewige lewe na die dood hê. Toe het ek Christus as my persoonlike Heer en verlosser ontvang.


Hy verduidelik, " Ek het eers myself as 'n sondaar erken, my sondes bely en het tot God gebid vir Sy vergifnis. Nou is my lewe soveel beter want dit gaan alles oor Christus. Ek hou daarvan om met my nuwe vriende wat Jesus ken, te kommunikeer."

Nou, as hy terug kyk, weet hy dat hy die regte besluit gemaak het.

Zacharia se gunsteling Bybel verse is Romeine 8: 31-34 wat sê, "As God vir ons is, wie kan teen ons wees? Hy het Sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie? God self spreek hulle vry. Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons by die Vader."

Zacharia erken dat dit moeilik kan wees om die regte ding te doen as versoeking kom, maar hy weet dat hy 'n veranderde man is, deur wat Jesus in sy lewe gedoen het, en hy wil dit met ander deel.

Zacharia werk as 'n gevangenebewaarder en hy het baie geleenthede om met die gevangenes oor Jesus te gesels, en die verlossing wat Hy so vryelik bied. Hy haal aan uit Johannes 14:6, en sê, " Ek kan hulle vertel oor Jesus wat die enigste Weg, die enigste Waarheid en die enigste bron van lewe is." •



## English translation

# Touched by compassion to a bleeding woman

Zacharia Tnllam had come to a major crossroad in his life. It was 1995 and the high schooler was old enough to know something was broken in his life that needed to change.

"There were specific things which I struggled with," he says. "Addictions, a bad temper and lying. Even when I knew I was wrong in certain situations, I could not admit it. Instead, I chose to lie."

He knew the decisions he was making in his life would have consequences. He had attended Sunday School as a child. He knew right from wrong. In fact, he loved listening to the stories about God but that was where his commitment ended.

"I did not know God on a personal level," he admits. "It was all just nice stories and games. I didn't know the deeper truths of what it meant to be a Christian."

All of that changed, though, during Zacharia's time in high school.

"I heard more about God and started accompanying my parents to church," he tells *Challenge*.

One day in 1995, a mission team went to Zacharia's school. One of the ministers on the team talked to the students about Jesus and how He had healed a woman who had bled for 20 years. (The story can be found in Matthew 9, Mark 5, and Luke 8).

Zacharia was amazed by the story and touched by the compassion and love Jesus had shown for the outcast woman. "I knew that He was God and the God of all Creation."

That very day, Zacharia realised what he needed in his life and decided to become a Christian: "I wanted eternal life after death. So, I received Christ as my personal Lord and Saviour and was baptised with water [an outward sign of his inner commitment]."

He explains, "I first confessed myself as a sinner, confessed my sins and then prayed to God for His forgiveness. Now, my life is so much better because it's all about Christ. I love interacting with my new friends who know about Jesus."

Now, the 41-year-old looks back and knows that he made the right decision.

Zacharia's favourite Bible passage comes from Romans 8 verses 31-34, which says, *"If God is for us, who can be against us? He who did not spare His own Son, but gave Him up for us all - how will He not also, along with Him, graciously give us all things? Who will bring any charge against those whom God has chosen? It is God who justifies. Who then is the one who condemns? No one. Christ Jesus who died - more than that, who was raised to life - is at the right hand of God and is also interceding for us."*

Zacharia admits it can be hard to do the right thing when temptation comes, yet he knows that he is a changed man because of what Jesus has done in his life and wants to share this with others.

Zacharia works as a prison officer and has many opportunities to talk to the inmates about Jesus and the salvation He freely offers. Quoting from John 14:6, he says, "I can tell them about Jesus being the only Way, the only Truth, and the only source of Life." •

# NUWE LEWE SONDER BEROU

As 'n jong man was Ayoro B. Dominique (bekend as Dominique) 'n groot drinker, 'n leuenaar, kwaad en 'n afgodsdienaar. Waar hy in Burkina Faso grootgeword het, het hulle tradisioneel riviere, berge, klippe of enigiets anders aanbid, vertel hy aan Challenge News.

In die laerskool het Dominique die eerste keer van Jesus gehoor toe hy 'n stukkie papier gevind het waarop iemand geskryf het: "Jesus kom baie gou." Hy het gewonder wie hierdie Jesus is.

In 1991, toe hy 17 was, het hy begin om kerk toe te gaan, maar dit was eers die volgende jaar, op 14 Maart 1992, dat Dominique tot God gebid het en Hom gevra het om sy sondes te vergewe en sy lewe te regeer. Dit is toe dat Jesus sy Verlosser en Here geword het.

Hy sê: "Ek is nie meer 'n afgodsdienaar nie. My lewe het heeltemal verander. Nou is ek 'n dienskneg van God."

Sy ouers was egter nie tevrede met hul seun se besluit nie en Dominique is deur hulle verwerp en uit die huis gejaag. Sy vriende het hom verlaat en hy moes nuwe mense vind om familie te noem.

Sewe-en-twintig jaar na daardie besluit het Dominique egter geen berou nie en moedig ander aan: "Jesus Christus is die weg, die lewe en die waarheid. Hy is die Verlosser van alle mense. As jy jou hart oopmaak, sal Hy in jou hart inkom."

Hy haal Johannes 3:16 uit die Bybel aan as een van sy gunsteling Bybelverse: "Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."

Dominique is nou 'n predikant en getroud. •



## English translation

# New life with no regrets

As a young man, Ayoro B. Dominique (known as Dominique) was a heavy drinker, a liar, angry and an idol worshipper. Where he grew up in Burkina Faso, they traditionally worshipped rivers, mountains, stones or anything else really, he tells Challenge News.

In primary school Dominique first heard about Jesus when he found a piece of paper on which someone had written, "Jesus is coming very soon." He wondered who this Jesus was.

In 1991, when he was 17, he started to attend church but it wasn't until the following year, on March 14th 1992, that Dominique prayed to God asking Him to forgive his sins and rule his life. That is when Jesus became his Saviour and Lord.

He says, "I'm no longer an idol worshipper. My life changed completely. Now I'm a servant of God."

However, his parents were not pleased with their son's decision and Dominique was rejected by them and chased out of home. His friends abandoned him and he had to find new people to call family.

Twenty-seven years after that decision however, Dominique has no regrets and urges others: "Jesus Christ is the way, the life and the truth. He is the Saviour of all mankind. If you open your heart, He will enter into your heart."

He quotes John 3:16 from the Bible as one of his favourite Bible verses, "For God so loved the world that He gave His only begotten Son, that whoever believes in Him should not perish but have everlasting life."

Dominique is now a pastor and married. •

*Ayoro B. Dominique*

"Kyk op na die sterre in die nag en jy sal die majesteit en krag van 'n onbeskryflike groot Skepper sien."
- Billy Graham

**As u deur hierdie koerant geseën word**, oorweeg dit asseblief om by hierdie bediening betrokke te raak deur:
a) Vertel ons wat hierdie koerant vir u beteken het.
b) Stuur vir ons u getuienis van verlossing. Stuur 'n epos na sachallengenews@gmail.com vir meer inligting.
c) Oorweeg dit asseblief om hierdie koerant te borg en te versprei om ander te bereik.
Stuur asseblief 'n e-pos na: sachallengenews@gmail.com of besoek www.challenge.news/donate/

# VAN DRONKAARD TOT DISSIPEL

Tinus Coetzee het 'n rowwe lewe gelei. Hy het oormatig gedrink, oormatig gerook, was verslaaf aan pornografie en boonop 'n korrupte sakeman. As 'n uitgesproke ateïs wat geglo het mense word net kos vir plante en diere wanneer hulle sterf, het hy in absoluut niks geglo nie.

"Ek was byna 'n alkolis," skryf hy in Joy! Tydskrif.

"Dit het nie beteken ek het elke dag gedrink nie, maar hoeveel ek gedrink het wanneer ek gekuier het. Dit was niks om 'n bottel brandewyn op te drink voor die partytjie begin nie.

"Ek het in daardie stadium ten minste twee tot drie keer per week gekuier. Dit het altyd gegaan oor hoe vinnig ek myself so dronk as moontlik kon kry. Ek het altyd gedink ek is die middelpunt van die partytjie. Geen partytjie was volledig sonder Tinus daar nie!"

Hy het tot 40 sigarette op 'n normale dag gerook; daardie getal het gestyg na 60 tydens partytjies. Hy was ook vasgevang in pornografie.

"Ek het baie van die video's gehou wat vriende daagliks aan my gestuur het, en my gedagtes was gevul met wellus – tot so 'n mate dat ek nie kon wag om my daaglikse dosis pornografie te ontvang nie. Elke woord wat uit my mond gekom het, was vuil, en ek was jaloers op enige iemand wat leliker as ek kon gepraat het."

Hy erken ook dat hy 'n oneerlike sakeman was.

"Ek het bose, korrupte besigheidstransaksies gedoen, ek was nie bang om mense om te koop nie, en het ander tot my eie voordeel gebruik.

"Ek het my personeel soos gemors behandel en hulle so min as moontlik betaal vir maksimum produktiwiteit. Ek het myself verryk ten alle koste. Ek was trots en verwaand, doof vir enige iemand wat my gewaarsku of berispe het. Dit het alles oor my en niemand anders nie, gegaan."

God was die verste ding van Tinus se gedagtes een aand terwyl hy by 'n kroeg was en gedoen het wat hy die beste gedoen het - drink, rook en vuil grappies vertel.



Tinus Coetzee saam met sy vrou Lisa

Toe sy broer Tjaart, wat jare tevore 'n Christen geword het, aanbiddingsmusiek begin speel het, het Tinus geïrriteerd geraak maar teen daardie tyd was hy te dronk om om te gee.

"Toe," sê hy, "het die mees ongelooflikste ding met my gebeur... Ek het die Heilige Gees hoor sê, 'Wat is jy besig om te doen, My seun?' Ek het gedink dit was net 'n dom gedagte, maar toe hoor ek dit weer, 'Wat is jy besig om te doen, My seun?'

"Vir 'n ateïs was dit uiters vreemd. Ek het emosioneel geraak en net geweet dat dit Jesus was wat met my praat nie. Hy het gesê, 'My seun, jou lewer is My lewer, jou longe is My longe en jou oë is My oë. Elke keer as jy na pornografie kyk, moet Ek daarna kyk saam met jou. Elke keer as jy drink, moet Ek saam met jou drink. Elke keer as jy rook, pyn my longe ook.'

"Dit het my tot in my diepste wese geskud."

Die effek was onmiddellik en dramaties.

Tinus het sy brandewyn weggegooi en die Here belowe dat hy nooit weer sal drink nie.

Hy sê sy lewe het heeltemal verander na daardie ontmoeting. "Ek het steeds 'n paar maande gesukkel om op te hou rook, maar ek het intussen opgehou rook, opgehou drink, en ek het na Hom gedraai wanneer gedagtes van wellus in my gedagtes opkom. Die Here help my elke dag.

"Ek het wedergebore geword en het begin groei in my verhouding met die Here.

"Dit is al 'n paar jaar terug maar my lewe verander steeds daagliks. Ek dank die Here Jesus Christus vir Sy liefde om my te red. Ek kan nie wag om elke dag tyd in die Woord deur te bring nie, want dit gaan alles oor my verhouding met Jesus, Hy wat my uit die duisternis geroep het na Sy lig (Efesiërs 5:8)." •

## HOE WORD EK 'N CHRISTEN?

**Enige iemand kan die ewige lewe wat deur Jesus Christus aangebied word, ontvang.** Ons lees in God se Woord: "God het die wêreld so lief gehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê." (Johannes 3:16)

**ONS PROBLEEM:** **Skeiding van God.** *"Almal het gesondig. Niemand is goed genoeg nie omdat God se standaarde volmaak is" (Romeine 3:23)* **Erken**

**GOD SE OPLOSSING:** **Jesus het aan die kruis gesterf.** *"God bewys Sy liefde vir ons hierin: terwyl ons nog sondaars was, het Christus vir ons gesterf" (Romeine 5:8)* **Glo**

**ONS REAKSIE:** **Vertrou op Jesus deur Sy genade en vergifnis te ontvang.** *"Aan almal wat Hom ontvang het, aan dié wat in Sy Naam geglo het, het Hy die reg gegee om kinders van God te word" (Johannes 1:12)* **Bely**

Hier is 'n voorbeeld van hoe jy kan bid:

**Liewe Vader in die Hemel. Ek kom nou na U omdat ek gered wil word. Vergewe asseblief my sondes. Ek glo dat U U Seun Jesus Christus gestuur het om vir my te sterf en dat U Hom uit die dood opgewek het. Ek vra nou dat Jesus Christus in my lewe inkom as my Verlosser en Here. Neem beheer van my lewe. Maak asseblief van my die persoon wat U my geskape het om te wees. In Jesus Christus se Naam. Amen.**

**Die Here Jesus sê: "Ek verseker julle, elkeen wat in My glo, het die ewige lewe" (Johannes 6:47).** *Hy gee 'n lewe van 'n wonderlike gehalte wat vir ewig voortduur.*

**Wat nou?**

1. Vertel iemand van jou besluit - óf 'n Christen wat jy ken, of e-pos ons by info@challengenews.org.
2. Gebruik die hulpbronne in die groen blokkie op hierdie bladsy om 'n Bybel elektronies af te laai, en om toegang te kry tot meer inligting oor Christenskap..
3. Hou aan om te bid. Praat met God in enige plek, oor enige iets. Hy luister altyd. Jy het nie 'n formule nodig nie.
4. Kontak die bediening wat hierdie koerant versprei het (sien agterblad) en/of skakel in by 'n gemeente wat die Woord van God suiwer verkondig.

**AS 'N VOLGENDE STAP:**

**Ek het die gebed [hierbo] gebid** ☐

**Stuur asseblief vir my:**
☐ 'n Bybel
☐ Leesstof wat my sal help om met my verhouding met Jesus groei.
☐ Inligting oor 'n behulpsame kerk.

** Merk asseblief en skryf duidelik **

Naam ______________________ Telefoon nommer ________________

Adres ____________________________________________

Epos adres _________________________________________

***Epos aan:***
***sachallengenews@gmail.com*** **OF**
***christabritz@challnews.onmicrosoft.com***

*Navrae buite Suid-Afrika word na iemand in hul eie land verwys.*

# Voëlspore voordat voëls bestaan het?

**DEUR DON BATTEN, CREATION MINISTRIES INTERNATIONAL**

**SPOORLYNE** wat in klip in Suid-Afrika bewaar is, lyk baie soos dié van moderne voëls. 'Tydlyn datering' plaas hulle egter op 215 miljoen jaar gelede, meer as 60 miljoen jaar ouer as die oudste voël fossiel (Archaeopteryx, 150 Ma).[1]

Die evolusionêre storie dat voëls van dinosourusse af ontwikkel het, het reeds probleme gehad – byvoorbeeld, Archaeopteryx, duidelik 'n vlieënde voël, dateer voor enige van sy veronderstelde voorouers.

Hoe kon 'n kleinseun ouer wees as sy oupa? Die navorsers het ses kenmerke van die spore geïdentifiseer wat ooreenstem



VOORRAAD FOTO

met dié wat deur voëls gemaak is. Voëlspore wat voëls 65 miljoen jaar gelede plaas, sou egter die probleem vir die evolusionêre storie vererger.

Dus probeer die outeurs die ooreenkoms met moderne voëls afmaak: "[die voet voorbeeld] is nie duidelik voëlagtig nie, aangesien dit nie 'n goed-ontwikkelde "digit III" metatarsophalangeale kussing het nie en geen direkte bewyse van geassosieerde hallux [agtertoon] indrukke bewaar nie."

Daar is egter moderne voëls met 'n drie-toon voetontwerp (d.w.s. geen hallux), soos kasuarisse, emoes, nandoes en trapvoëls.

Ook, ten minste die kleiner nando geneig is om spore te laat sonder bewyse van 'n "metatarsophalangeale kussing".[2] Hoewel kalkoene 'n klein hallux het, kan hulle spore in modder laat met min bewyse daarvoor.[3] Verder het sommige van hierdie voëls nogal dik vingers, wat ooreenstem met die "morfotipe I" spore wat die outeurs nie met voëls assosieer nie.

Die outeurs spekuleer dat "dit waarskynlik is dat morfotipe II spore deur 'n nog-te-vind tridaktiele archosaur gemaak is." Met ander woorde, voëlagtige voete het op 'n dinosourus-tipe wese lank voor voëls ontwikkel!

Hierdie spore sou ongeveer 4,500 jaar gelede gevorm het, gedurende die oorstromingsfase van Noag se Vloed, toe die waters aan die styg was, gedurende die eerste 150 dae. Die voëls het die voetspore gemaak op sedimente wat reeds neergelê was, soos hulle kortliks blootgestel is met die eb en vloei van getye en tsoenami's.

Hierdie model voorspel dat ons voetspore sal vind later as wat enige dier wat hulle kon gemaak het, dus 'gedateer' in die evolusionêre stelsel as miljoene jare ouer. Die fossiel rekord volg hierdie voorspelling vir baie tipes wesens; hierdie voëlspore is net die jongste voorbeeld. •


Verwysings en aantekeninge:

1. Abrahams, M. en Bordy, E.M., The oldest fossil bird-like footprints from the upper Triassic of southern Africa, PLoS ONE 18(11): e0293021, 2023.


2. Soek 'lesser rhea footprint' op naturepl.com om 'n foto daarvan te sien.

3. Gonzalez, M., Turkey tracks: Identification guide for snow, mud, and more, a-z-animals.com, opgedateer 4 Mei 2023.


## Wil jy meer weet?

Hier is 'n paar gratis, nuttige, Christelike aanlyn hulpbronne.

| | |
|---|---|
| Aanlyn Bybel - **Olive Tree app**: Ons beveel aan dat jy met 'n maklik-om-te-lees-weergawe soos byvoorbeeld "Die Nuwe Lewende Vertaling" begin. | Stem - Bybel wat afgelaai kan word in die **Bible. is toepassing** of **Youversion Bible toepassing.** |
| Christelike radiostasie **CBN radio toepassing**: Verskillende kanale vir alle soorte musiek. | Christelike potgooi en preke **- Edifi toepassing** |
| Christelike films, reekse en kinderprogramme - **Good. toepassing** | Daaglikse gedagtes en inspirasie. **Our Daily Bread toepassing** |
| Advies oor spesifieke kwessies, Bybel leesplanne en studies vir nuwe gelowiges - **Youversion Bible toepassing** | Die Bybel verduidelik met visuele hulpmiddels - **Bible Project op YouTube.** |
| Aanlyn strokiesprent Bybel - **goodandevilbook.com** | Vir kinders - **Superbook Kids Bible, video's en speletjies toepassing.** |
| **Alpha Film Reeks op YouTube** - 'n Aanlyn bekendstelling aan Christenskap | **Manga Messiah app**: 'n Christelike strokiesprent met gratis speletjies toepassing, geïllustreer in Japannese-styl kuns. |
| **YMI** (bedoel om gelees te word as "Why am I?") 'n Christelike nuusbron vir jong volwassenes met verskeie inhoud, oordenkings en bronne. **ymi.today** | Meer inspirerende geloof stories: Vorige uitgawes van Challenge News by challengenews.online |





Scottie Scheffler van die Verenigde State speel sy tweede skoot op die 11de putjie tydens die finale ronde van die 2024 Meesters Toernooi by Augusta Nasionale Gholfklub op 14 April 2024 in Augusta, Georgia. (Foto deur David Cannon/Getty Images) **INSET:** Scottie hou die 2024 Meesters trofee omhoog. (Foto deur Warren Little/Getty Images)

Challenge SPORT

# NIE DEUR PRESTASIE GEDEFINIEER NIE

Die wêreld nommer een gholfspeler en nou twee-keer Meesters kampioen Scottie Scheffler sê sy "identiteit is vir altyd veilig". Maar sy identiteit lê nie in wen nie – alhoewel hy erken dat hy dit geniet – dit lê in die feit dat sy "oorwinning op die kruis verseker is".

Die 27-jarige het sy tweede Meesters Toernooi in drie jaar gewen op 14 April en sê hy "probeer om God te verheerlik" deur sy gholfloopbaan, en gee al die eer aan die Here wanneer hy met verslaggewers praat na sy oorwinnings. Dit is iets wat hy baie doen, aangesien hy ook agtereenvolgende Players Championships in 2023 en 2024 gewen het.

Wanneer hy gevra word hoe hy sy begeerte om mededingend gholf te speel balanseer sonder om dit sy persoon te laat definieer, sê hy, "Dit gaan alles terug na my geloof... Die rede waarom ek gholf speel, is omdat ek probeer om God te verheerlik en alles wat Hy in my lewe gedoen het."

Voor sy eerste Meesters oorwinning het Scottie se vrou, Meredith, hom herinner dat sy "identiteit nie 'n gholftelling is nie".

"As jy vandag hierdie gholf toernooi wen, as jy hierdie gholf toernooi met 10 houe verloor, as jy nooit weer 'n gholf toernooi wen nie, gaan ek jou steeds liefhê, jy gaan steeds dieselfde persoon wees; Jesus het jou lief, en niks verander nie," vertel Scottie van sy vrou se versekering.

"Alles wat ek probeer doen, is om God te verheerlik, en dis hoekom ek hier is, en dis hoekom ek in hierdie posisie is."

Scottie sê sy vrou bid gereeld vir hom. "Elke dag wanneer ons daar buite gaan, bid Meredith altyd vir vrede, want dis wat ek op die gholfbaan wil voel, is vrede en om pret te hê en net [God se] teenwoordigheid te voel," sê hy.

Scottie sê sy vrou help hom om te onthou: "God is in beheer, en die Here lei my, en as vandag my tyd is, dan is dit my tyd."

Scottie sê hy verwag nie om te wen nie. "Jy verwag nie dat dinge na jou toe kom in hierdie lewe nie, jy doen net die beste wat jy kan met die hand wat jy ontvang het en gaan van daar af. Ek het nooit regtig gedink ek is so goed in gholf nie, so ek het net aangehou oefen en hard werk."

Scottie se sakdraer, Ted Scott, is 'n veteraan in die spel wat vir byna 15 jaar vir Bubba Watson sy sak gedra het.

Ted het beplan om af te tree totdat hy Scottie se oproep gekry het, en hy ken die Augusta Baan beter as amper enigeen. "Jy weet, ek kan nie genoeg sê oor Ted as 'n persoon, en as 'n sakdraer nie," het Scottie by 'n perskonferensie na sy oorwinning gesê.

"Ek respekteer hom so baie net as 'n persoon. Hy is so 'n lekker ou om mee saam te wees, hy is 'n man van geloof en ek is lief vir hom. Ek kan nie genoeg oor hom sê nie. Die eienskappe wat jy in 'n persoon soek, Ted vergestalt feitlik almal daarvan."

Een van die grootste redes hoekom Scottie met Ted wou werk, is omdat hulle albei Christene is. Hulle het die eerste keer ontmoet deur 'n Bybelstudie omtrent 'n jaar voordat hulle saamgespan het.

Die sakdraer het in 2018 aan Sports Spectrum Podcast gesê, "Mense dink baie keer, wel, as jy 'n Christen word, gaan God alles maklik vir jou maak, en dis nie die geval nie.

"Maar om die God van die heelal, die Skepper, aan jou kant te hê, maak dinge net baie makliker om te hanteer. En die beginsels van die Bybel is iets wat, wanneer jy dit gebruik, jy dit in jou lewe kan sien manifesteer."

"[Ted] hou dinge los," sê Scottie. "Ons het baie pret saam. Ek respekteer hom baie as 'n persoon, en ek respekteer sy werksetiek as 'n sakdraer. En so, vir my, was dit tot dusver 'n redelike maklike verhouding, net omdat ek hom so baie respekteer."

Scottie glo dit is geloof, familie en vriende wat sy lewe betekenis gee.

"Ek is 'n Christen ou, so dis belangrik vir my," het hy in 'n 2019 onderhoud met PGATour.com gesê.

"Maar selfs al is jy nie 'n Christen nie, is dit belangrik om die lewe saam met mense te spandeer wat jy geniet. As jy nie naby, kwaliteit vriende het nie, dink ek nie wat jy ook al doen, is belangrik nie. So dit sou my belangrikste advies aan iemand wees. Vind iets wat jy geniet om te doen, en geniet dit saam met ander mense."

Die persoon met wie Scottie die meeste tyd spandeer, is sy beste vriend sedert hoërskool, sy vrou, Meredith, met wie hy in 2020 getroud is.

Meredith het aan Golf Digest gesê: "Aan die begin van hoërskool het ek altyd gedink hy het 'n super nederige aura oor hom, dat hy net 'n regtig aardse ou is wat homself nie te ernstig opneem nie. Selfs wanneer hy wonderlike prestasies gehad het, was dit nie die belangrikste ding oor hom nie."

Wanneer hy met verslaggewers gepraat het na sy onlangse Meesters oorwinning, het Scottie erken dat hy gretig was om terug te keer huis toe na Meredith, veral aangesien hulle hul eerste kind oor 'n paar weke verwag. Voor die kompetisie het hy selfs gedeel dat as sy tydens die toernooi in kraam sou gaan, hy die Meesters sou verlaat, selfs al was hy tussen die voorlopers!

Een van die gereelde gholfspelers by Scottie se tuis gholfbaan van Royal Oaks Country Club in Dallas het saamgestem: "So goed as wat Scottie 'n gholfspeler is, is hy 'n nog beter persoon en die lede hier weet dit beslis."

"My geloof beïnvloed alle aspekte van my lewe, nie net my lewe op die gholfbaan nie," het Scottie verduidelik.

"Die Here het my 'n vaardigheid gegee en ek probeer dit gebruik tot Sy eer. Buiten dit, is ek net hier om my beste te doen." •



Scottie en Meredith Scheffler.

VERSPREI DEUR:

Published by Challenge Literature Fellowship in partnership with Multi-Ministries.
Challenge Good Newspaper (South Africa). sachallengenews@gmail.com 082 893 9556 September 2024